Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderssteuning
LOOM

Verwysing: 20200722-7126
Lêerno.: 12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0006/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Bestelling van skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede deur artikel 21-skole

1. Let daarop dat die bestelproses in hierdie minuut slegs op artikel 21-skole van toepassing is.

2. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het kontrakte gesluit om skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede vanaf 01 Oktober 2017 tot 30 September 2020 te voorsien en af te lewer. Raadpleeg Omsendbrief 16/2016 van 13 April 2016.

3. Artikel 21-skole kry dus die geleentheid om skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede by die gekontrakteerde diensverskaffer te bestel. Skole kan net die items wat in die aangehegte katalogusse vir skryfbehoeftes en skoonmaakbenodighede uiteengesit is in hul onderskeie onderwysdistrikte bestel. Artikel 21-skole sal dus bestellings by die gekontrakteerde diensverskaffers plaas en hulle direk betaal. Om bestellings by gekontrakteerde diensverskaffers te plaas, is voordelig aangesien die pryse per item laer is en die bedrag ook aflewering by skole insluit.

4. Die besonderhede van die diensverskaffer wat gekontrakteer is om skryfbehoeftes (kontrak B/WCED2381/16) en skoonmaakbenodighede (kontrak B/WCED2382 /16) te voorsien en af te lewer, is:

   Masiqhame Trading 1057 CC
   Blinkwatersingel 30
   Edgemead
   7441

Kontakpersoon: Mnr. C Daniels
Kontaknommer: 021 558 9947
E-posadres: masiqhametrading@lantic.net

5. Die aangehegte pryslys is vanaf 01 Oktober 2019 tot 30 September 2020 van krag. Artikel 21-skole moet gebruik maak van die pryse wat binne hul streek van toepassing is.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke amptenare.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-08-03